UNION OF SOUTH AFRICA.

# ACT

TO

Amend the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934.

---

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

# WET

TOT

Wysiging van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934.

---

## No. 9, 1937.

# ACT

## To amend the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934.

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 8 of Act 4 of 1934.

**1.** Section *eight* of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (hereinafter referred to as the principal Act) is hereby amended—

(i) by the deletion of the word "archaeological" where it occurs for the first time in paragraph (*a*) and the substitution therefor of the words "historical or scientific";

(ii) by the deletion of the word "archaeological" where it occurs for the second time in paragraph (*a*);

(iii) by designating the existing section (as amended in accordance with the preceding provisions of this section) sub-section (1) and by inserting thereafter the following new sub-section (2):

"(2) The Minister may from time to time by notice in the *Gazette* increase or reduce any area proclaimed to be a monument in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1), or cancel any notice issued in terms of that sub-section."

Insertion of new section 8*bis* in Act 4 of 1934.

**2.** The following new section is hereby inserted in the principal Act after section *eight*:

"Noting of proclamation of monument in deeds office.

8.*bis*. (1) When the Minister proposes to proclaim or has proclaimed a defined area to be a monument in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *eight*, or when he proposes to increase or reduce or has increased or reduced any such area in terms of sub-section (2) of section *eight*, he may cause beacons to be erected on the corners of that area and cause that area to be surveyed and a diagram thereof to be framed.

(2) When the Minister, in terms of the said paragraph, proposes to proclaim or has proclaimed to be a monument, any place or object other than a defined area, as aforesaid, he may cause the location of that place or object in relation to the beacons and boundaries of the land upon which it is situate, to be determined by a survey and to be indicated upon the diagram of that land, filed in the deeds registry in which the said land is registered.

(3) When the Minister has in terms of the said paragraph proclaimed any area, place or object to be a monument, or when he has in terms of sub-section (2) of section *eight* increased or reduced any such area, he shall furnish the registrar of deeds in whose deeds registry the land in question is registered, with a copy of the notice in the *Gazette* containing the said proclamation, extension or reduction, and with a copy of any diagram which may have been made under sub-section (1) or (2), of or in connection with the said monument.

(4) The registrar of deeds shall endorse a reference to the said proclamation, extension or reduction, and to any such diagram upon the title deed of the land in question filed in his office, and in the appropriate registers, and upon the owner's title deed, as soon as it may, for any reason, be lodged in his office."

# WET

## Tot wysiging van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934.

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg :—

Wysiging van artikel 8 van Wet 4 van 1934.

**1.** Artikel *agt* van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (hieronder die Hoofwet genoem) word hiermee gewysig—

(i) deur die woord „argeologiese", waar dit vir die eerste maal in paragraaf (*a*) voorkom, te skrap en te vervang deur die woorde „historiese of wetenskaplike" ;

(ii) deur die woord „argeologiese", waar dit vir die tweede maal in paragraaf (*a*) voorkom, te skrap ;

(iii) deur die bestaande artikel (soas gewysig ooreenkomstig die voorgaande bepalings van hierdie artikel) as sub-artikel (1) aan te dui en deur daarna die volgende nuwe sub-artikel (2) in te voeg :

„(2) Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n gebied wat volgens paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) as 'n gedenkwaardigheid geproklameer is, vergroot of verminder of 'n volgens daardie sub-artikel uitgevaardigde kennisgewing intrek".

Invoeging van nuwe artikel 8*bis* in Wet 4 van 1934.

**2.** Die volgende nuwe artikel word hiermee na artikel *agt* in die Hoofwet ingevoeg :

„Aantekening van proklamasie van 'n monument in die registrasiekantoor.

8.*bis* (1) Wanneer die Minister volgens paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) van artikel *agt* 'n omskrewe gebied as 'n gedenkwaardigheid wil proklameer of geproklameer het, of wanneer hy volgens sub-artikel (2) van artikel *agt* so 'n gebied wil vergroot of verminder of vergroot of verminder het, dan kan hy op die hoeke van daardie gebied bakens laat oprig en daardie gebied laat opmeet en 'n kaart daarvan laat vervaardig.

(2) Wanneer die Minister 'n ander plek of voorwerp dan 'n omskrewe gebied, soas voormeld volgens bedoelde paragraaf as 'n gedenkwaardigheid wil proklameer of geproklameer het, dan kan hy die ligging van daardie plek of voorwerp, met betrekking tot die bakens en grense van die grond waarop dit geleë is, deur 'n opmeting laat vasstel en laat aandui op die kaart van daardie grond wat bewaar word in die registrasiekantoor waarin bedoelde grond geregistreer is.

(3) Wanneer die Minister volgens bedoelde paragraaf 'n gebied, plek of voorwerp as 'n gedenkwaardigheid geproklameer het, of wanneer hy volgens sub-artikel (2) van artikel *agt* so 'n gebied vergroot of verminder het, dan verstrek hy aan die registrateur van aktes in wie se registrasiekantoor die betrokke grond geregistreer is, 'n afskrif van die kennisgewing in die *Staatskoerant* wat bedoelde proklamering, vergroting of vermindering behels en as ingevolge sub-artikel (1) of (2) van of in verband met die gedenkwaardigheid 'n kaart vervaardig is, 'n eksemplaar daarvan.

(4) Die registrateur van aktes maak 'n aantekening op die titelbewys van die betrokke grond wat in sy kantoor bewaar word, asook in die toepaslike registers en op die eienaar se titelbewys sodra dit om watter rede ook al op sy kantoor ingedien word, waarin hy melding maak van bedoelde proklamering, vergroting of vermindering en van so 'n kaart".

Insertion of new section 9*bis* in Act 4 of 1934.

**3.** The following new section is hereby inserted in the principal Act after section *nine*:

"Commission may assume control of certain monuments.

**9.*bis*.** (1) When the Minister has proclaimed to be a monument any area on Crown land which is under the control of a local authority or on land which a local authority acquired from the State otherwise than by purchase or exchange, and the commission is of the opinion that the local authority concerned does not properly administer, preserve or safeguard the said monument, the commission may recommend to the local authority that it take steps to administer, preserve or safeguard the said monument in a manner indicated by the commission.

(2) If after the expiration of a period of three months as from the receipt, by the said local authority, of the commission's recommendation, it has failed to give effect thereto, the commission may notify the local authority that it proposes to assume control of the said monument under this section.

(3) Within a period of one month as from the receipt, by the local authority, of the said notification, the local authority may appeal to the Minister who, after investigation, may disallow the appeal or allow it wholly or in part on such conditions as he may think fit to impose.

(4) If the local authority did not appeal the commission may, after the expiration of the said period of one month, or if the Minister disallowed an appeal, the commission may forthwith assume control over the monument in question and notify the local authority in writing of that fact, and the commission shall thereupon publish in the *Gazette* and in a newspaper circulating in the area wherein the monument is situate, a notice that it has assumed control over the said monument.

(5) When the commission has assumed control over a monument, as aforesaid, all rights of the local authority with reference to that monument shall, during the period of the commission's control, vest in the commission: Provided that if the commission charges any fee for access to the monument, it shall, in fixing such fees, differentiate between persons residing within the area of jurisdiction of the said local authority and other persons, and shall not charge a person residing in the said area such a fee exceeding one half of the fee which it charges any other person.

(6) The commission may abandon its control over a monument under this section and notify its abandonment in the *Gazette*: Provided that any bye-law made by the commission in connection with that monument shall, after the abandonment, remain in force until rescinded or amended by the local authority concerned, upon whom shall devolve after the abandonment, all the rights and powers which any such bye-law purports to confer upon the commission.

Substitution of section 10 of Act 4 of 1934.

**4.** Section *ten* of the principal Act is hereby repealed and the following section substituted therefor:

"Minister may prohibit removal or export of monument, relic or antique.

**10.** (1) The Minister may, on the recommendation of the commission, by notice in the *Gazette* prohibit the removal or the export, without the consent in writing of the commission, of any object or group or collection of objects which is, in the opinion of the Minister, capable of being proclaimed a monument, relic or antique in terms of section *eight*.

(2) The owner of any such object or group or collection of objects or of any object which forms part of such a group or collection who is affected by any such prohibition, may submit to the commission an objection in writing to the said prohibition. The commission shall transmit that

**3.** Die volgende nuwe artikel word hiermee na artikel *nege* in die Hoofwet ingevoeg: Invoeging van nuwe artikel *bis* in Wet 4 van 1934.

„Kommissie kan toesig oor sekere monumente aanvaar.

9.*bis* (1) Wanneer die Minister as 'n gedenkwaardigheid geproklameer het 'n gebied op Kroongrond wat onder die beheer van 'n plaaslike bestuur staan of op grond wat 'n plaaslike bestuur op 'n ander wyse dan deur koop of ruil van die Staat verkry het en die kommissie van oordeel is dat die betrokke plaaslike bestuur bedoelde gedenkwaardigheid nie behoorlik beheer, in stand hou of beveilig nie, dan kan die kommissie by die plaaslike bestuur aanbeveel dat hy oorgaan tot beheer, instandhouding of beveiliging van bedoelde gedenkwaardigheid op 'n wyse deur die kommissie aangedui.

(2) As bedoelde plaaslike bestuur na verloop van 'n termyn van drie maande vanaf sy ontvangs van die kommissie se aanbeveling in gebreke gebly het om daaraan gevolg te gee, dan kan die kommissie aan die plaaslike bestuur kennis gee dat hy voornemens is om kragtens hierdie artikel die beheer oor bedoelde gedenkwaardigheid te aanvaar.

(3) Binne 'n termyn van een maand vanaf die plaaslike bestuur se ontvangs van voormelde kennisgewing, kan die plaaslike bestuur hom beroep op die Minister, wat na gedane ondersoek die beroep kan afwys of dit geheel of gedeeltelik kan toestaan op die voorwaardes wat hy wenslik ag om te stel.

(4) As die plaaslike bestuur nie in beroep gegaan het nie, kan die kommissie na verloop van bedoelde termyn van een maand, of as die Minister 'n beroep afgewys het, dadelik die beheer oor die betrokke gedenkwaardigheid aanvaar en aan die plaaslike bestuur skriftelik daarvan kennis gee. Daarop moet die kommissie 'n kennisgewing, dat hy die beheer oor bedoelde gedenkwaardigheid aanvaar het, publiseer in die *Staatskoerant* en in 'n nuusblad wat in omloop is in die gebied waarin die monument geleë is.

(5) Wanneer die kommissie soos voormeld die beheer oor 'n gedenkwaardigheid aanvaar het, gaan alle regte van die plaaslike bestuur met betrekking tot daardie gedenkwaardigheid solang die kommissie se beheer duur, op die kommissie oor: Met dien verstande dat as die kommissie 'n fooi bereken vir toegang tot die gedenkwaardigheid hy 'n onderskeid moet maak tussen persone wat binne bedoelde plaaslike bestuur se gebied woon en ander persone, en van iemand wat in daardie gebied woon nie so 'n fooi mag vorder nie wat meer bedra as die helfte van die fooi wat die kommissie van iemand anders vorder.

(6) Die kommissie kan van sy beheer oor 'n gedenkwaardigheid kragtens hierdie artikel afstand doen en sy afstand in die *Staatskoerant* bekend maak: Met dien verstande dat alle verordenings wat die kommissie in verband met daardie gedenkwaardigheid mag uitgevaardig het, na die afstand van krag bly totdat hulle ingetrek of gewysig word deur die betrokke plaaslike bestuur, op wie alle regte en bevoegdhede wat sulke verordenings volgens hulle bewoording aan die kommissie verleen, na die afstand oorgaan.

**4.** Artikel *tien* van die Hoofwet word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang: Vervanging van artikel 10 van Wet 4 van 1934.

„Minister kan verwydering of uitvoer van monument, oudheids-oorblyfsel of antieke voorwerp verbied.

**10.** (1) Die Minister kan op aanbeveling van die kommissie by kennisgewing in die *Staatskoerant* verbied die verwydering of uitvoer, sonder skriftelike toestemming van die kommissie, van 'n voorwerp of groep of versameling van voorwerpe wat volgens die Minister se oordeel ingevolge artikel *agt* as gedenkwaardigheid, oudheidsoorblyfsel of antieke voorwerp sou geproklameer kan word.

(2) Die eienaar van so 'n voorwerp of groep of versameling van voorwerpe of van 'n voorwerp wat deel uitmaak van so 'n groep of versameling, wat met so 'n verbod gemoei is, kan aan die kommissie 'n beswaarskrif teen bedoelde verbod voorlê. Die kommissie moet daardie beswaar-

objection to the Minister who may thereupon cancel, modify or confirm the prohibition."

Amendment of section 11 of Act 4 of 1934.

**5.** Section *eleven* of the principal Act is hereby amended—

(i) by the deletion of the words "provisional order" in paragraph (*a*) and the substitution therefor of the word "prohibition";

(ii) by the insertion after paragraph (*c*) of the following new paragraphs:

"(*d*) destroys, damages or mars any drawing, painting or petroglyph described in paragraph (*b*) of section *eight* or any substance near such a drawing, painting or petroglyph, or without the consent of the commission destroys or damages any part of a cave or rock in or on which there is any such drawing, painting or petroglyph, or

(*e*) without the consent of the commission destroys, damages or disturbs any grave, cave, rock shelter, midden or shell mound described in the said paragraph (*b*),"

Amendment of section 13 of Act 4 of 1934.

**6.** Section *thirteen* of the principal Act is hereby amended—

(i) by the deletion of paragraph (*d*) of sub-section (1) and the substitution therefor of the following paragraph:

"(*d*) regulating the excavation, removal or export of any object or group or collection of objects which in the opinion of the commission is capable of being proclaimed to be a monument, relic or antique in terms of section *eight*.";

(ii) by the insertion of the following new sub-section after sub-section (1):

"(1)*bis*. If any area, place or object on land owned or controlled by a local authority has been proclaimed to be a monument, the local authority may, with the approval of the Minister make bye-laws—

(*a*) regulating the access of the public to the monument;

(*b*) fixing fees for such access, which shall be payable to the local authority and which may be higher for persons residing outside the area of jurisdiction of the local authority than for persons residing within that area: Provided that any such fee payable by a person residing outside that area shall not exceed twice the amount of the fee payable by a person residing within that area;

(*c*) regulating the manner of identification of persons residing within the said area, for the purpose of such differentiation in fees, as aforesaid;

(*d*) safeguarding the said monument from damage, disfigurement or defilement;

(*e*) for the control of the public and for the prevention of any nuisance at the said monument;

(*f*) generally for the proper management and control of the said monument."

Amendment of section 14 of Act 4 of 1934.

**7.** Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended by the insertion of the following new definition after the definition of "commission":

"local authority" means any institution, council or body mentioned in paragraph (vi) of section *eighty-five* of the South Africa Act, 1909, as amended by section *one* of the Local Government (Provincial Powers) Act, 1926 (Act No. 1 of 1926).

Short title.

**8.** This Act shall be called the Natural Monuments Amendment Act, 1937.

skrif deurstuur aan die Minister, wat daarop die verbod kan intrek, wysig of bekragtig".

5. Artikel *elf* van die Hoofwet word hiermee gewysig— (Wysiging van artikel 11 van Wet 4 van 1934.)

(i) deur die woorde „voorlopige instruksie" in paragraaf (*a*) te skrap en te vervang deur die woord „verbod";

(ii) deur die volgende nuwe paragrawe na paragraaf (*c*) in te voeg:

„(*d*) 'n tekening, skildery of gravering bedoel in paragraaf (*b*) van artikel *agt* of 'n stof naby so 'n tekening, skildery of gravering vernietig, beskadig of skend, of sonder die toestemming van die kommissie enige deel van 'n grot of rots waarin of waarop so 'n tekening, skildery of gravering voorkom, vernietig of beskadig; of

(*e*) sonder toestemming van die kommissie 'n graf, grot, rotsskuilplek, ashoop of skulphoop bedoel in voormelde paragraaf (*b*) vernietig, beskadig of versteur."

6. Artikel *dertien* van die Hoofwet word hiermee gewysig— (Wysiging van artikel 13 van Wet 4 van 1934.)

(i) deur paragraaf (*d*) van sub-artikel (1) te skrap en deur die volgende paragraaf te vervang—

„(*d*) tot reëling van die uitgraving, verwydering of uitvoer van een of ander voorwerp of groep of versameling van voorwerpe wat volgens die kommissie se oordeel ingevolge artikel *agt* as 'n gedenkwaardigheid, oudheidsoorblyfsel of antieke voorwerp sou geproklameer kan word";

(ii) deur die volgende nuwe sub-artikel na sub-artikel (1) in te voeg:

„(1)*bis*. As 'n gebied, plek of voorwerp op grond wat behoort aan of beheer word deur 'n plaaslike bestuur as 'n gedenkwaardigheid geproklameer is, dan kan die plaaslike bestuur met goedkeuring van die Minister verordenings uitvaardig—

(*a*) tot reëling van die toegang van die publiek tot die gedenkwaardigheid;

(*b*) tot vasstelling van die fooie wat vir daardie toegang aan die plaaslike bestuur te betale is en wat hoër kan wees vir persone wat buite die gebied van die plaaslike bestuur woon, as vir persone wat in daardie gebied woon: Met dien verstande dat so 'n fooi wat 'n buite daardie gebied wonende persoon moet betaal, nie meer mag bedra nie as tweemaal die bedrag van die fooi wat 'n binne daardie gebied wonende persoon moet betaal;

(*c*) tot reëling van die wyse van identifikasie van persone wat binne bedoelde gebied woon, ten einde so 'n onderskeid in fooie, as voormeld, te maak;

(*d*) tot beveiliging van bedoelde gedenkwaardigheid teen beskadiging, skending of verontreiniging;

(*e*) tot beteueling van die publiek en tot voorkoming van oorlas by bedoelde gedenkwaardigheid;

(*f*) oor die algemeen tot behoorlike bestuur en beheer van bedoelde gedenkwaardigheid".

7. Artikel *veertien* van die Hoofwet word hiermee gewysig deur die volgende nuwe woordomskrywing na die omskrywing van die woord „kommissie" in te voeg: (Wysiging van artikel 14 van Wet 4 van 1934.)

„plaaslike bestuur", 'n instelling, raad of liggaam bedoel in paragraaf (vi) van artikel *vyf-en-tagtig* van die „Zuid-Afrika Wet, 1909", soos gewysig deur artikel *een* van die Wet op Plaaslike Besture (Provinsiale Bevoegdhede) 1926 (Wet No. 1 van 1926).

8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Natuurlike Gedenkwaardighede, 1937. (Kort titel.)